So is ons verraai (28)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (18)

Die sewentigerjare, selfonderhoudendheid en "Bantoestans" (vervolg)

Soos in die vorige aflewering vermeld, het die tuislande reeds teen 1973, toe hulle nog ver van hulle volle vlak van ekonomiese ontwikkeling was, reeds baie ander Afrikalande in vele opsigte oorskadu, byvoorbeeld:

i. Die BBP (per capita) van al die TBVC state, was veel hoër as die van Somalië, Burundi, Tanzanië, DRK (toe Zaïre) Niger, Mali en Soedan.

ii. Die BBP van al die tuislande het van R274 000 000 in 1961 tot R1 599 300 000 in 1974 met 'n gemiddelde jaarlikse groei van 14.5% gestyg, baie hoër as enige ander Afrikaland, om nie te praat van die "groeikoers" wat die hele Suid-Afrika later onder die ANC regering sou ly nie.

iii. Die *per capita*-inkomste van die Transkei was groter as 20 lidlande van die VN en het ander gebiede soos die Wesbank, wat volgens die "progressiewe" denkers, 'n tuisland vir Palestyne moet word, in elke opsig oortref.

iv. Qwaqwa, een van die kleinste tuislande, het *per capita* twee keer soveel op onderwys bestee as die DRK (voorheen Zaïre).

v. Daar was ongeveer 8 maal soveel motors *per capita* in die TBVC state, as in die Kongo.

vi. Bophuthatswana het 14 keer meer hospitaalbeddens *per capita* gehad as bv. Nigerië.

vii. Lebowa besit 50% van die wêreld se chroom sowel as ander minerale; en die 26 myne in Bophuthatswana het onder andere 66% van die platinum wat in die weste verbruik word, produseer. Ander bedrywe daar het die myn van ystererts, vanadium, chroom en mangaan ingesluit.

Bogenoemde is enkele van die statistiek wat aangehaal kan word om die bewering dat die tuislande ekonomies onlewensvatbaar was, die nek in te slaan. (*Barry, R.G. et al.: 195-203; Rhoodie et al.: 99*).

"Grensoorlog" – maar waar is *MK*?

Suidwes-Afrika (SWA), soos "Namibië" voorheen bekend gestaan het, was saam met Apartheid, Soweto en Bantustans 'n doring in die vlees van die internasionale gemeenskap, waaroor hulle gedurende die sewentigs verdere druk op Suid-Afrika geplaas het. Suid-Afrika het hierdie voormalige Duitse kolonie sedert die einde van die Eerste Wêreldoorlog kragtens 'n mandaat van die Volkebond regeer. Toe genl. Smuts SWA na afloop van die Tweede Wêreldoorlog by Suid-Afrika wou inlyf, het sy alliansiegenote onder druk van Indië geweier. 'n Internasionale veldtog om Suid-Afrika se mandaat oor SWA te

beëindig, het gevolg. Dit het uitgeloop op ’n lang, uitgerekte regstryd in die Wêreldhof gedurende die 1960’s. Die Hof het aanvanklik, op ’n tegniese punt, in die guns van Suid-Afrika beslis in die saak *South West Africa (Liberia v South Africa)*. Niemand was egter hierdeur ontmoedig nie en baie ander lande sowel as die VN het die druk op SA voortgesit. Toe die Portugese hul kolonie in aangrensende Angola in 1975 verloor het, is die veldtog verhaas.

Toe die Portugese Angola verlaat, het ’n geweldige burgeroorlog tussen drie swart groepe om beheer van die land uitgebreek. Een van die groepe, die kommunistiese MPLA, het sterk bande gehad met SWAPO, die swart weerstandsbeweging in SWA wat die wit administrasie van die gebied beveg het. Die MPLA het basisse in Angola aan PLAN, SWAPO se militêre vleuel beskikbaar gestel, terwyl Kuba en ander kommunistiese lande wapens, opleiding en ander logistiese hulp verskaf het. Vanaf hierdie veilige basisse het PLAN-terroriste oor die grens beweeg om hulle myne te plant en sagte teikens, meestal blanke boere, aan te val. Hulle het ook guerrillaoorlog teen die Suid-Afrikaanse magte wat op die noordgrens van SWA gestasioneer was, gevoer. In Suid-Afrika het hierdie oorlog as die “Grensoorlog” bekend geword. In 1975 het Suid-Afrikaanse magte op versoek van die VSA en ander Afrikaregerings oorlog teen die MPLA ten behoewe van UNITA, die antikommunistiese teenvoeter van die MPLA in Angola, gevoer (*Bridgland* in *Venter: 129-130*). Aangesien hierdie hulp konfidensieel gevra is, het Suid-Afrikaanse magte ’n klandestiene operasie in Angola van stapel gestuur en aanvanklik is alle betrokkenheid ontken.

Na Soweto het baie swart jeugdiges Suid-Afrika verlaat om by die “gewapende stryd” aan te sluit. By hulle aankoms in aangrensende Afrikastate is hulle in die ANC en sy militêre vleuel, die MK opgeneem. Die ANC was toe al vir meer as ’n dekade in die buiteland en goed geplaas om die nuwe rekrute te ontvang. Swart bewussynsleiers wat ook landuit gevlug het, het ook hulle eie organisasies laat vaar en by die ANC se goed gevestigde internasionale strukture aangesluit (*Sechaba, January 1987: 21-22*). Alhoewel die ANC nie die Soweto-opstande gereël het nie, het dié organisasie dus die meeste daarby gebaat. Dit was vir hulle net betyds, want kort voor die 1976-opstande was die ANC in Suid-Afrika ’n mislukte entiteit, wat basies deur die internasionale gemeenskap in stand gehou is (*Norval, M.: 103-104, 182, 189*).

Sodra die nuwe rekrute in MK opgeneem was, het daar ’n hele paar nare verrassings op hulle gewag. Dr. Sipo Mzimela, self ’n voormalige ANC-simpatiseerder en later ’n kabinetsminister vir die IFP, vertel in sy boek *Marching to Slavery* van die gewone kriminele aktiwiteite (handel in dwelms, ens.) van die hooggeplaaste ANC leiers, wat saam met die reuseskenkings van verskeie regerings en organisasies, vir hulle uitspattige lewenswyse betaal het. Terselfdertyd het die “vryheidsvegters” feitlik as gyselaars in baie swak, soms onmenslike omstandighede, in die guerrillakampe geleef. Die “vryheidsvegters” is verder ontnugter toe hulle agtergekom het dat die sogenaamde gewapende stryd uit baie praatjies en weinig stryd bestaan het. Die bietjie stryd was bowendien teen nie-Suid-Afrikaners, veral UNITA gerig. Die Russe het later met minagting na die ANC se “militêre vleuel” as ’n “opgehemelde fondswerwingsveldtog” verwys (*Mzimela: 32-33; Van Zyl-Slabbert: 42*).

Die sekuriteitsmag van die van die ANC-leierskap, *Mbokodo* het die onvermydelike kritiek en ontevredenheid van baie van die rekrute hanteer. Een van die standaardpraktyke was om ’n ontevrede rekruut daarvan te beskuldig dat hy ’n “apartheidspioen” was en hierdie ongelukkiges het hulleself spoedig in tronkkampe soos “Quatro” of “Viana” in Angola bevind. Baie het gesterf as gevolg van die onmenslike dade wat in sulke kampe floreer het; verhongering, barbaarse lyfstraf, marteling om “erkennings” af te dwing, massateregstellings sonder verhoor en bendeverkragtings... die mure van die martelkamers was bevlek met bloed en die vloere was besoedel met menslike tande en stukke verrottende mensvleis (*Mzimela: 34-35*). Gedurende die vroeë negentigs, is twee kommissies aangestel om die klagtes van oorlewendes te ondersoek: die eerste was aangestel deur die Internasionale Vryheidstigting (hoofkantoor in Washington D.C.) en die tweede deur Nelson Mandela self. Beide kommissies het verdoemende getuienis teen die ANC gevind en onder andere die betaling van kompensasie voorgestel — Mandela het egter geweier om die slagoffers selfs om verskoning te vra vir die wandade of om die oortreders te roskam, want vele van hulle was die leiers van die ANC: Ronnie Kasrils, Chris Hani, Joseph Nhlanhla, Andrew Masondo en Jacob Zuma (*Mzimela: 48; Stadler: 102,103; Douglas Commission of Enquiry, 7 January 1992; Motsuenyane Commission of Inquiry, 20 August 1993*).

Twee van die MK-kaders skryf as volg in hulle boek *Umkhonto we Sizwe: Fighting for a divided people* oor die wrede behandeling wat die ANC uitgedeel het: “Although it was a fight for freedom, one couldn’t always expect freedom within the ANC. It was a case of resisting White oppression with all your might, but tamely submitting when the ANC oppressed you in turn (*Bopela, T. & Luthuli, D.: 177*).

Die internasionale gemeenskap het niks omgegee nie, want volgens hulle was daar net een wat vir al die gruwels verantwoordelik was, net een beskuldigde in die bank: die rassistiese regime in Pretoria.